

### ***Ons verhouding met die Gees kan gesond bly***

Die Gees is op 'n baie besondere manier werksaam in dié wat tot geloof gekom het. Niemand kan immers iets beleef van die blydschap en vrede van die Koninkryk van die Hemele as dit nie vir die Gees is nie (Joh. 3:3, 5).

Die vraag is egter hoe leef ons saam met die Gees wat ons metgesel geword het. Verbly ons die Gees deurdat ons in sy krag die ou mens aflê en ons met die nuwe mens bekleed (Ef. 4:22, 24)? Of bedroef ons die Gees deur die sondige lewe waarin ons leef (Ef. 4:30)? En die sondes wat Hom bedroef is nie net die groot sondes van vrye omgang met drank en seks en van inheligheid nie (Ef. 5:3). Ook die sondes wat ons maar so min of meer duld, bedroef die Gees. Soos om skryfbehoeftes van jou werk vir jou eie privaatdoeleindes te gebruik, of die knoei met die assuransie-eis of die belastingopgawe, of die knorrigheid by die huis (Ef. 4:25-32). Dit is nou seker nie die dinge wat die ouderling se ore gaan bereik nie. Hy doen dit in elk geval dalk ook. Maar daarmee bedroef ons die Gees. En as ons nie op goeie voet met Hom is nie, verlaag die kwaliteit van ons Christelike lewe en mis ons die krag om te getuig.

Maar die weg terug is so eenvoudig. Bely jou sonde voor die Here en verlaat jou op sy liefde om die res te doen (Ps. 32:1-5; 1 Joh. 1:8-10). En lê jou daarop toe om goed te doen met krag wat Hy gee. Benewens vergiffenis is dit die weg tot die Vaderhart. Jesus het gesê: Wie my geboorte het en bewaar, dit is hy wat My liefhet: en wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar (Joh. 14:21).

Ons verhouding met die Gees kan gesond bly.

Sing: Psalm 32:1,2

Ds. M.P. Kruger (De Hoop-sending)